KENNISGEWING VAN ‘N PUBLIEKE VERGADERING AS DEEL VAN OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES VIR DIE SASOL MYNBOU (EDMS) BPK. IMPUMELELO STEENKOOLMYN UITBREIDING PROJEK (DMR verwysings nommer: MP30/5/1/2/3/2/1(138) EM)

Ingevolge die Wet op die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) (WOMP), Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NOBW) en die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998) (NWW), sowel as die Regulasies en riglyne onder hierdie Wette, moet alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP) aangemoedig word en die geleentheid gebied word om deel te neem aan die wetlike bestuur van de omgewing.

Sasol Mynbou (EDMS) BPK. se Impumelelo Myn is ‘n bestaande steenkoolmyn bedryf geleë 45 km suidwes vanaf Secunda; 20 km oos vanaf Greylingstad en 60 km noordwes vanaf Standerton in die Mpumalanga Hoëveld. Die Impumelelo Steenkoolmyn is dus geleë in die regsgebied van die Gert Sibande Distriks Munisipaliteit. Sasol Mynbou (EDMS) BPK. wil die Impumelelo Myn uitbrei deur verskeie gedeeltes van die plase Boschmansfontein 523 IR, Hartbeesfontein 522 IR, Grootvly 579 IR, Mahemsfontein 544 IR, Paardefontein 584 IR, Raskop 677 IR en Wolwefontein 534 IR by te voeg.

Sasol Mynbou (EDMS) BPK. beoog om 'n aansoek vir 'n mynreg ingevolge die Wet op WOMP in te dien vir die bogenoemde areas, en moet dus ‘n Bestekverslag en ‘n Omgewingsimpakstudie saamstel, sowel as 'n Omgewingsbestuursprogram in terme van die vereistes van die NOBW.

Uitnoding na ‘n Publieke Vergadering:

‘n Publieke vergadering is geskeduleer om die B&GPs ‘n geleentheid te gee om meer inligting aangaande die bogenoemde Sasol Mynbou (EDMS) BPK. Impumelelo Steenkoolmyn Uitbreiding projek te bekom, en om die geleentheid te skep vir die belanghebbendes om insette te lewer en om enige besware of kommentaar in verband met die projek na vore te bring. U word hartlik hiermee uitgenooi om die publieke vergadering by te woon soos hieronder uiteengesit:

Datum van vergadering: **18 Mei 2017**
Tyd: **12:00 n.m. tot 2:00 n.m.**
Vergaderplek: **Impumelelo Mynsaal**
RSVP: **15 Mei 2017**
Datum van kennisgewing: **12 Mei 2017**

Beskikbaarheid van die OIS en OBPv vir publieke kommentaar:

Die omgewingsimpakstudie en Omgewingsbestuursprogram sal beskikbaar gemaak word vir publieke kommentaar vir ‘n tydperk van dertig (30) dae, vanaf 12 Mei 2017 tot 11 Junie 2017. Harde kopieë van die dokument sal beskikbaar wees by die Sasol Mynbou (EDMS) BPK. Impumelelo Myn sekuriteits kantoor, die Val Hotel en die Greylingstad poskantoor. ‘n Elektroniese kopie van die dokument sal beskikbaar wees op www.cleanstream.co.za. ‘n Register en kommentaarblad sal die dokumente vergesel by die publieke besigtigings lokale. Voltooi asseblief die register nadat u die dokumente nagegaan het. Alternatief kan die kommentaar ook per faks of e-pos gestuur word na Clean Stream Environmental Consultants (EDMS) BPK.(na die onderstaande besonderhede).

Register van Belanghebbende en Geaffekteerde Partye:

Om te verseker dat u as B&GP geregistreer word, verskaf asseblief u naam, kontak besonderhede en belang in die projek aan die kontak persoon hieronder binne 30 dae na publiekasie van hierdie advertensie. n’ Agtergrondinligtingsdokument is beskikbaar op navra in Engels, Afrikaans en IsiZulu van Clean Stream Environmental Consultants (EDMS) BPK.

Kontak besonderhede:

Omgewingsimpak praktisyn:	Clean Stream Environmental Consultants (Pty) Ltd.
Kontakpersoon:	Natalie Lubbe / Renate Steffens
Pos:	P.O. Box 32201, Glenstantia, 0010
Tel:	012-993 5988
Faks	012-993 1361
Epos:	natalie@cleanstream.co.za / renate@clenastream.co.za

sasol
reaching new frontiers

CLEAN STREAM
ENVIRONMENTAL CONSULTANTS (PTY) LTD